

# STELLENBERG BYBELSKOOL

**Die terugkeer uit ballingskap ... om voortdurend  
deur God vernuwe te word.**



“Home is where one starts from.”

T.S. Eliot

**Oktober 2023**

**Ds. Marius Breytenbach**

## STELLENBERG-GEMEENTEBELYDENIS

Stellenberg-gemeente is 'n gemeenskap van mense wat streef om nader aan God en mekaar te leef, uit te reik oor alle grense heen en voortdurend te vernuwe.



### **Ons glo Jesus, ons Verlosser, leef . . .**

- in die een God: Vader, Seun en Heilige Gees;
- in Christus, wat deur die geloof en in genade ons Verlosser is;
- in die Bybel: die Woord van God in mensetaal;
- in die algemene kerk van Christus waarvan ons deel is en spesifiek deel van kerke wie se geloof verwoord word in die Drie Formuliere van Eenheid en in die Belydenis van Belhar.

### **Ons streef om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense heen uit te reik . . .**

- na mekaar in ons geloofsgemeenskap, ongeag ons verskille;
- na die mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap;
- na alle mense in ons land, asook wêreldwyd;
- na Moeder Aarde en alle vorme van lewe.

### **Ons leef as getuies en volgelinge van Christus . . .**

- nader aan God;
- nader aan mekaar;
- om 'n verskil in die wêreld te maak;
- om voortdurend te vernuwe in 'n veranderde wêreld.

## **SESSIE 1. Inleiding. Die storie van die Babiloniese ballingskap en die terugkeer na Jerusalem**

Hierdie kursus volg op die Bybelskool reeks oor die Babiloniese ballingskap wat aan die begin van 2023 in die gemeente aangebied is. Die terugkeer van Jode na Jerusalem in 538 vC lei die laaste fase van die Ou Testament geskiedenis in en is die konteks waarin Bybel boeke soos Esra, Nehemia, Sagaria, Haggai en Maleagi tot stand gekom het.


Wat jy van hierdie Bybelskool reeks kan verwag?

- Ons gaan saam Bybel **LEES**. In hierdie periode gaan ons stelselmatig die Bybel boeke Esra, Nehemia, Haggai, Sagaria en Maleagi saam lees.
- Ons gaan saam **LEER**. Die kursus dek 'n periode van die Ou Testament geskiedenis wat waarskynlik vir baie onbekend is.
- Ons gaan ons **VAARDIGHEID** om die Bybel te interpreteer opskerp. Wat beteken verantwoordelike Skrif interpretasie?
- Ons gaan leer om **TEOLOGIES** dink. Ons gaan oor die implikasie van belangrike Bybelse temas soos God se koninkryk, die koms van die Messias en die eindtyd praat en die wyse waarop gelowiges geroep word om met betekenis in 'n onvoorspelbare wêreld te leef.
- Hierdie reeks maak 'n paar interessante perspektiewe los rakende die huidige konflik situasie tussen Israel en Palestina en ons eie verwagtinge oor die toekoms van ons eie land.

Ek is bewus dat sommige mense dalk nie ons vorige kursus oor die Babiloniese ballingskap bygewoon het nie. Daarom die volgende kort inleiding.


## 1. 'n Kort oorsig oor die Babiloniese ballingskap (605 - 539 vC).

Toe die Neo-Babiloniese koning Nebukadneser II na die slag van Karkemis in 605 vC Jerusalem in 597 & 586 vC binnegeval het, het 'n periode in die Ou Testament aangebreek wat as die Babiloniese ballingskap bekendstaan. Die mees produktiewe deel van Jerusalem se bevolking is deur Nebukadneser in gevangenis (ballingskap) na die omgewing van Babel weggevoer, terwyl die res van die inwoners in haglike en hooplose omstandighede in die stad agtergelaat is (2 Konings 24-25). Met die vernietiging van die tempel in Jerusalem en die stad het langverwagte godsdienstige beloftes rakende land, nageslag en politieke skielik tot 'n einde gekom. Gelowiges is getraumatiseer en met diepliggende vrae agtergelaat: Hoe het dit gebeur dat ons op hierdie plek uitgekóm het? Wat het van God se belofte van sy Koninkryk geword? En dan die belangrikste vraag: Wat staan ons te doen nou dat ons ons tuistes verloor het? Hoe gaan ons hierop reageer?



Bybelboeke soos Esegël, Habakuk, Klaagliedere, Jeremia en Jesaja (55-66, of trito Jesaja) asook sommige Psalms, wat uit die ballingskap tyd kom getuig oor hoe God deur ervarings van verlies (Klaagliedere) gelowiges gevorm het om nuwe plekke van tuiswees (onverwagse tuistes) te vind (Jeremia 29). Tuiswees is nooit 'n plek nie,

maar die innerlike oortuiging dat God deur hierdie omstandige in staat is om lewe in dooie bene te bring (Esegiël 37, Jeremia 18).



10

**Home is where one start from**

**T.S ELLIOT**

Die verhaal van die Babiloniese ballingskap is 'n kragtige metafoor vir ons lewens vandag. Dit verwoord 'n situasies van ontnugtering en verlies wanneer ons tuistes verloor en besef dat ons nie weer daarheen kan terugkeer nie. Hierdie ballingskap kan die gevolg wees van persoonlike verlies (dood, gesondheid, verhuis), politieke en ekonomiese of selfs sosiale en kulturele veranderinge.



In die nuwe en vreemde omstandighede van Babel het God gelowiges onverwags ontmoet en by nuwe insigte uitgebring wat hulle reaksies verander het. In die plek van Klaagliedere het hulle begin om nuwe tuistes te bou.

- **GOD.** Hulle het ontdek dat God veel groter is as hulle eie belange en vir baie meer omgee as wat hulle dink. Die God van Israel word nou in geskrifte van die tyd "die God van die nasies". Lees die gedeelte in Jeremia 23:23-24. Dit is geweldig belangrik dat ons God toelaat om ons teologie (denke oor God) te verander. Dit is verder ook belangrik om in ag te neem dat God nie net vandag met 'n geselekteerde groep mense in die wêreld besig is nie. Al die Bybelse gebeure was ingelei deur politieke, ekonomiese en somtyds ekologiese gebeure.

**Ek is nie 'n God wat net naby is nie, sê die Here, ek is ook 'n God wat ver weg is. Niemand kan in 'n geheime plek wegkruip sonder dat ek hom sien nie, sê die Here. Ek is oral in die hemel en op die aarde, sê die Here.**

**Jeremia 23:23-24**

- **GEMEENSKAP.** In die afwesigheid van die tempel het gelowiges opnuut die waarde van 'n gemeenskap van gelowiges ontdek en geestelike groei wat daarbinne geskied.
- **DIE BYBEL.** Ballingskap was 'n kreatiewe tyd waarin ou bestaande godsdienstige geskrifte herinterpreteer en herskryf is, terwyl nuwe materiaal bygevoeg is.
- **GODSDIENS.** In die afwesigheid van die tempel het die Wet van Moses, die besnydenis, die Sabbat en gebede gelowiges gehelp om in 'n ritme te kom waarin God die fokus was.

## **2. Die na-Babiloniese (post-eksiliese) tydperk (539 - c 420 vC)**

Net toe 'n nuwe generasie gelowiges in die vreemde Babel 'n tuiste vind (Jeremia 29: 5-13) het internasionale politieke omwenteling weereens hulle tot verandering gebring. In 539 vC (ongeveer 70 jaar nadat die eerste groep ballinge uit Jerusalem na Babel gebring is) het koning Kores die Grote (II) (Achaemenidiese dinastie/

Persiese ryk, van Iranese afkoms) die Neo-Babiloniese koninkryk verslaan en so beheer van die Ou Nabye Ooste oorgeneem. Die politieke beleid van die Persiërs was handomkeer anders as die van vorige koninkryke (Egiptiese, Assiriese, Neo Babiloniese koninkryke).



Die Kores silinder, wat vandag in die Britse museum te sien is, vertel meer van hierdie beleid en word vandag beskou as die eerste handves vir basiese menseregte. Dit het onder andere slawerny afgeskaf, mense 'n vrye keuse van beroep gegee en godsdienstvryheid voorgestaan. Die gevolg was dat die Jode wat na Babel weggevoer toegelaat is om weer na Jerusalem toe terug te keer.

Lees daarvan in Esra 1:1-4 (sien ook 2 Kronieke 36:22-23).

Lees wat die profeet Jesaja in hoofstuk 41:2-25, 42 en 45:1-4 oor Kores te sê gehad het. Hierdie heiden koning het selfs die Jode wat terugkeer gehelp om hulle stad en tempel te herbou. Wat is die indruk wat dit jou mee laat oor God se Koninkryk?

Wat sou dit beteken dat ons vandag in 'n God glo wat soewerein is?

Die opwinding was groot om weer na hulle tuiste in Jerusalem, terug te keer. Hulle blydskap was egter van korte duur want hulle verwagtings oor die toekoms

(tuiskoms) het nie gerealiseer nie. Dit is hierdie verhaal wat ons in die komende weke gaan volg.

Persepolis was die kultiese hoofstad van die koninkryk van 550-330 vC. Kores se graf vandag kan in Pasargadae gesien word.





Met die terugkeer van die Joodse ballinge na Jerusalem in die jaar 538 vC breek 'n periode aan waarna verwys word as die na-ballingskap periode (na-eksiliese tyd). Dit lei die laaste reeks boeke in waarmee die Ou Testament afsluit. Tot op hierdie stadium het die Jode hulle op drie plekke in die wêreld bevind:

- Die Jode wat na Jerusalem teruggekeer het. Ongeveer 50 000 Jode het volgens Esra 2:64 en Nehemia 7:66 hierdie reis onderneem. Neem in ag dat met die aanbreek van die ballingskap die meeste inwoners in die haglike omstandighede van die stad agtergelaat is. Met hulle terugkeer was daar 'n gespanne verhouding tussen die wat agtergebly en die wat teruggekeer het.
- Die Jode wat in Babel agtergebly het. Die grootste deel van die Joodse gemeenskap het in Babel agtergebly (die Babiloniese Talmoed het hier tot stand gekom). Die boek Ester is in hierdie konteks geskryf.
- Die Jode wat in Egipte gewoon het. Met die Babiloniese ballingskap (597 vC) het 'n aantal Jode na Egipte gevlug (2 Konings 25:26, Jeremia 43:5-7).

### **3. Die Kronis (1 & 2 Kronieke, Esra & Nehemia)**

Die Deuteronomis en Kronis verteenwoordig twee verskillende teks en tyd tradisies in die Ou Testament. Alhoewel die Deuteronomis (onder andere boeke soos 1 & 2 Samuel en 1 & 2 Konings) en die Kronis (1 & 2 Kronieke) dieselfde geskiedenis beskryf het hulle dit uit twee verskillende perspektiewe gedoen. Die Deuteronomis verteenwoordig die periode van Bybel geskryfte voor en tydens die ballingskap (586 vC) en die Kronis die periode daarna. Ons moet in ag neem dat beide teoloë en nie historici was nie. Die klem was met ander woorde nie op die akkuraatheid van geskiedkundige gebeure nie, maar eerder hoe God in hierdie gebeure in mense se hede betrokke was.

Vir die Kronis wat na die ballingskap skryf was die herbou van die tempel, herstel van die offerdiens, asook die behoud van die koningshuis van Dawid van wesenlike belang. Die geskiedenis van Israel is dus oorgeskryf om hierdie aspekte te

beklemtoon. In 2 Sameul (Deuteronomis) word Dawid se owerspel byvoorbeeld blootgelê, terwyl Kronieke (Kronis) dit glad nie noem nie.

Alhoewel die nuus dat die Jode weer na Jerusalem toe kon terugkeer hulle baie opgewonde gemaak het, was hierdie omstandighede baie uitdagend. Dit het opnuut weer drome van die herstel van hulle koninkryk opgeroep en die verwagting gekweek dat die koms van die Joodse Messias op hande was. Die laaste reeks boeke in die Ou Testament vertel hoe hierdie omstandighede uitgeloop het.

- 1 & 2 Kronieke ('n herskryf van die geskiedenis van Israel).
- Esra & Nehemia. Beide was aanvanklik deel van 'n enkele boek waarin beskryf word hoe Jode na Jerusalem toe teruggekeer het om hulle daar te hervestig en die tempel wat deur die Babiloniërs afgebreek is weer op te bou.

Tesame met 1 & 2 Kronieke gee die profetiese boeke Haggai, Sagaria en Maleagi ons dieper insig in die omstandighede waarmee die Ou Testament afsluit. In die Joodse tradisie word die finale vorm van die Hebreeuse Bybel toegeskryf aan Esra wat die leier van die Groot Sinagoge was en ook vir Haggai, Sagaria en Maleagi ingesluit het.

#### **4. Die verrassende boodskap van Esra, Nehemia, Haggai, Sagaria en Maleagi**

Die Bybelboek Esra word dikwels in kerke gebruik om gelowiges tot 'n herlewing te inspireer. Daarby is Nehemia altyd baie handig as jou kerk 'n bouprojekte loods wat die hulp en finansiële van gemeentelêde verg. Beide boeke is ook gewild wanneer die kwessie van leierskap in die kerk ter sprake kom. Hiermee saam word die profetiese boeke Haggai, Sagaria en Maleagi gebruik om gelowiges te troos dat die Messias spoedig gaan arriveer om die borse te oorwin en waarna God sy koninkryk gaan vestig.

Van hierdie Bybelboeke word deesdae deur gelowiges gebruik om die punt te maak dat die einde van die wêreld besig is om aan te breek en wys dan gretig na die tekens van oorlog en geestelike verval as bewys daarvan. Sulke perspektiewe

verhoog dikwels net nog die angs en konflik waarmee mense leef. Wanneer 'n mens deur Esra, Nehemia, Haggai, Sagaria en Maleagi lees maak dit verrassende perspektiewe in 'n mens los oor die wyse waarop ons as gelowiges op ons hede reageer. In hierdie boeke hoor ons die realistiese verhale van leiers (Serubabel, Esra, Nehemia, Haggai, Sagaria en Maleagi) wat sukkel om mense en omstandighede te verander.

- Hierdie vroeë leiers kon nie slaag om al die ballinge te oortuig om na Jerusalem terug te keer nie. Net 'n klein groepie het na Jerusalem teruggekeer om die tempel te herbou.
- Nadat gelowiges in 539 vC vol entoesiasme, geloof en hoop na Jerusalem terugkeer verloop dinge baie anders as wat hulle en die leiers voorsien het.
- Hulle kry groot teenstand van die plaaslike inwoners (volksgenote?) en die mense is baie traag om die stad en tempel te herbou.
- Die tempel wat hulle aan bou was veel kleiner as Salomo se weergawe wat deur die Babiloniërs vernietig is. Dit het die ouer generasie wat die vroeë tempel kon onthou mismoedig agtergelaat.
- Haggai en Sagaria het geglo dat Serubabel (afstammeling van Dawid) die beloofde Messias was wat saam met die priester Jesua God se nuwe koninkryk sou vestig. Hulle het onverbiddelik geglo aan 'n gerealiseerde einde (eskatologie). Beide hierdie karakter verdwyn baie geheimsinnig van die toneel. Sagaria en Maleagi gaan oor die respons van ontugterde gelowiges.
- Die Hebreeuse Bybel eindig op 'n onverwagse vals noot wanneer Nehemia met woede en trane gelaat word. Lees Nehemia 13:23-31.

**In hierdie laaste kwartaal van 2023 is ons besig met ons vierde gemeente waarde: Om voortdurend deur God vernuwe te word.**

**Hoe kom praat die Here vandag deur hierdie verhale op hierdie manier met ons?**

In die volgende drie sessies gaan ons hierdie vraag verken. Ons volg daarin die natuurlike ritme van die boeke Esra en Nehemia wat in drie afsonderlike bewegings uitloop. Elke een van hierdie bewegings is aan 'n spesifieke leier gekoppel (Serubbabel, Esra en Nehemia) en vertoon dieselfde ooreenkomste:

- Elke leier ontvang 'n opdrag van die koning van Persië om na Jerusalem te reis om die tempel en stad op te herbou.
- Elke leier was in hart en siel aan hulle roeping toegewy en het groot verwagtinge gekoester om mense en hulle omstandighede te verander. Hulle pak die opdrag met ywer aan en koester bepaalde verwagtinge.
- Elke leier behaal net gedeeltelike sukses. Hulle word gou ontnugter deur omstandighede wat anders loop as wat verwag is en moet aanpassings maak.

Die boodskap van Haggai, Sagaria en Maleagi is vervleg in hierdie ritme en sal in die kursus ingewerk word.

## SESSIE 2. SERUBABEL, HAGGAI en SAGARIA (Esra 1-6, Haggai en Sagaria)

'n Paar belangrike gedagtes van die vorige week:

- Die laaste paar boeke van die Ou Testament (1-2 Kronieke, Esra en Nehemia) is deur 'n teks of skryf tradisie saamgestel wat as die Kronis bekendstaan. Hiermee saam kan die boeke van Haggai, Sagaria en Maleagi gelees word.
- Hierdie geskryfte dek die periode waarin Jode wat in ballingskap na Babel weggevoer is toe gelaat is om weer na Jerusalem terug te keer. Die verwagting onder leier was dat hierdie periode van terugkeer iets besonders sou oplewer.
- Esra, Nehemia, Haggai, Sagaria en Maleagi is die realistiese verhaal van sterk leiers wat sukkel om met hulle nasionalistiese en godsdienstige verwagtinge saam te leef. Die verhale vertel die storie van hulle stryd om mense en omstandighede verander te kry.

### **Wat was die verwagtinge wat by leiers geleef het?**

Tydens die ballingskap het die profeet Jeremia die verwagting uitgespreek dat die ballingskap omstandighede vir gelowiges sou uitloop op 'n periode van herstel en vernuwing (Jeremia 25:1-14). Toe Jode na die proklamasie van Kores van Persië in 538 vC toegelaat is om na Jerusalem terug te keer het hulle die volgende vermag:


- ⇒ Dat die herbou van die tempel en herstel van die offerdiens in Jerusalem God se magtige teenwoordigheid soos van ouds te voorskyn sal bring. Lees Esegïel 40-48. Lees Levitikus 9:1-8 (let op vers 6) en 1 Konings 8: 1-11 (let op vers 11).
- ⇒ Dat hierdie omstandighede die beloofde Messiaanse tyd sal inlei. Lees in Jesaja 11 en Hosea 3 oor hierdie verwagting. Wie is die leier figuur wat in hierdie tyd na vore gaan kom om hierdie posisie te vul?


⇒ Dat Jerusalem (stad van vrede) 'n sentrale plek sal inneem in die vestiging van die Koninkryk van God waarheen nasies sal stroom. Jesaja 2. Hoe gaan hierdie koninkryk lyk as dit aanbreek?

Vir dit alles om te realiseer was die herbou van die tempel in Jerusalem 'n voorvereiste en daarom die dringendheid in boeke soos Esra, Haggai en Sagaria om die werk te voltooi.

'n Kort oorsig oor die Joodse tempel in Jerusalem:

- Die EERSTE tempel. Dit is in c. 900 vC deur Salomo gebou en in 586 vC deur Nebukadneser vernietig.
- Die TWEEDE tempel. Nadat dit onder leiding van Serubbabel herbou is, is dit in die jaar 516 vC ingewy. In Jesus se tyd het koning Herodes die tempel dramaties vergroot. Dit is enkele jare daarna in 70 nC deur die Romeine vernietig en nooit weer herbou nie. In 130 nC is Jerusalem se naam na Aelia Capitolina verander toe Hadrianus dit in 'n Romeinse stad oorgebou het.
- Die oop stuk grond waar die tempel gestaan het was nie vir die Romeine van enige belang nie en het later as die stad se vullishoop gedien
- In die jaar 690 het Moslems 'n gebou op die plek opgerig wat bekendstaan as die "Dome of the Rock" (volgens Moslem tradisie het die profeet Mohammed op 'n nagreis van Arabië na hierdie plek gereis) .





In die volgende sessies gaan ons die gebeure van die Jode se terugkeer en hervestiging in Jerusalem volg deur die verhale van leiers wat in Jerusalem arriveer het (Sesbassar, Serubbabel, Esra, Nehemia, Haggai, Sagaria en Maleagi).

Drie belangrike periodes is van belang:

- ⇒ 538 vC, eerste groep arriveer saam met Sesbassar/Serubbabel. Hulle bou die altaar en lê die fondasies, maar die bouery staak dan vir 17 jaar.
- ⇒ 520 vC, Haggai en Sagaria spoor Serubbabel aan om die bou van die tempel te voltooi. Dit word in 516 vC ingewy. Hierna is daar 'n gaping van 58 jaar waarin
- ⇒ 458 en 445 vC, Esra arriveer met 'n tweede groep Jode in Jerusalem. In die tyd tree Maleagi op

<b>Jaar</b>	<b>Gebeure</b>
Mei 538 vC	Die eerste groep Jode word toegelaat om saam met Sesbassar na Jerusalem terug te keer (Esra 1).
September 538 vC	Die eerste groep Jode in Jerusalem bou die tempel se altaar onder leiding van Serubbabel (Esra 3:1-3).
10 April 537 vC	Werk begin om die fundamente van die tempel te herbou onder leiding van Serubbabel (Esra 3: 6-13).
537 vC	Die Samaritane versoek om te help met herbou van die tempel. Serubbabel weier hulle hulp en die Jode ondervind teenstand van die Samaritane (Esra 4).
537 vC - 522 vC	Die teenstand van die Samaritane duur vanaf koning Kores tot Darius. Die herbou van die tempel staak dus van 537-522 vC (Esra 4: 4, 24).

### **1. Sesbassar. Lees Esra 1: 1-8.**

- Die eerste groep Jode het in Mei 538 vC onder leiding van Sesbassar na Jerusalem teruggekeer.



- Vanaf Esra 2 verdwyn die naam Sesbassar onverwags van die toneel. Sesbassar is 'n enigmatiese karakter. Volgens Esra 1:8 was hy hoof van die stam Juda. In Esra 5:14-16 word hy 'n goewerneur genoem. Hy was skynbaar 'n vertroueling van koning Kores aan die dit opgedra is om 'n groep Jode tesame met al die goud en silwer wat koning Nebukadneser destyds van die tempel gebuit het na Jerusalem terug te bring (Esra 1:7-11). Omdat die opdrag om die tempel se fondamente te herbou aan beide Sesbassar (Esra 5:14-15) en Serubbabel (Esra 3:8) gegee is word geoordeel dat hulle dieselfde persoon was. Dit wil egter voorkom of hulle twee verskillende persone is en dat Serubbabel vir Sesbassar opgevolg het.

## **2. Serubbabel en Jesua.**

### **Lees Esra 2.**

- Serubbabel (sy naam beteken 'loot van Babel' - in Babel gebore) was koning Jojagin se kleinseun (1 Kronieke 3:17) en 'n afstammeling van koning Dawid. In Matteus 1:12-13 word hy in Jesus se geslagsregister aangedui en die verwagting het gou posgevat dat hy as die beloofde Messias te voorskyn sou kom. Hy word ook deur die profeet Haggai (1:1, 2: 2,21) as die goewerneur van Juda aangedui. Serubbabel het saam met die hoëpriester Jesua opgetree.

### **Lees Esra 3.**

- Voor daar met die lê van die tempel fondasies begin is het Serubbabel die altaar gebou om weer die tempeldiens te hervat (3:2).
- Die tweede tempel was nie so groot soos Salomo se weergawe nie. Dit het 'n ouer generasie wat dié tempel geken het ontnugter gelaat (3:12). Lees wat Haggai hieroor te sê gehad het (Haggai 2:2-3). Hierdie gedeelte dra by tot die intensifisering van hulle verwagtinge.

#### Lees Esra 4.

- Die Samaritane versoek om behulpsaam te wees in die herbou van die tempel. Waarom het Serubbabel hulle deelname geweier?
- Die Samaritane was die nasate van die Noordelike koninkryk van Israel (10 stamme wat in 722 vC deur Assiriërs in ballingskap weggevoer is). Hulle het hulleself beskou as die ware nageslag van Israel in onderskeid van die Judaïsme van die Suidelike koninkryk wat volgens hulle 'n aangepaste godsdienst is.
- Esra 4:1-6 is 'n baie interessante teks.



#### Lees Esra 5.

- Tussen Esra 4 en 5 het 'n periode van 17 jaar verloop waarin die bouwerk aan die tempel tot stilstand gedwing was. Stel jouself die omstandighede voor. Die groep Jode en hulle leiers het met entoesiasme en afwagting na Jerusalem vertrek om die tempel te herbou wat die beloftes van God se seën vir hulle sal ontsluit. Dinge loop egter nou baie anders as wat voorsien is.
- Dit was in hierdie omstandighede (die jaar 520 vC) dat die profete Haggai en Sagaria hulle boodskap laat hoor.
- Die dringendheid van die situasie weerspieël in die unieke aard en karakter van beide Bybelboeke. Die verwagtinge oor God se verskyning in die tempel, die bekendmaking van die Messias en die ontsluiting van God se koninkryk bereik 'n hoogtepunt

29 Augustus 520 vC	Haggai se eerste oproep om die tempel te herbou (Haggai 1:1).
21 September 520 vC	Bouwerk aan die tempel word hervat (Haggai 1:15).
17 Oktober 520 vC	Haggai se tweede oproep (2:1)
27 Oktober 520 vC	Sagaria se boodskap (Sagaria 1:1)
18 Desember 520 vC	Haggai se derde en vierde oproep (2:10, 20)
15 Februarie 519 vC	Sagaria se boodskap (1:7)
7 Desember 518 vC	Sagaria se boodskap (7:1)
12 Maart 515 vC	Die tempel is voltooi en word ingewy (Esra 6:15). Wat het toe daarna gebeur?

### 3. Haggai se boodskap aan Serubbabel

- Haggai 1:1 = 29 Augustus 520.
  - Volgens Haggai was Jode meer geïnteresseerd om hulle eie huise/lewe te herbou as om saam te werk aan die herbou van die tempel (Haggai 1:7-11). Hy wys hulle daarop dat God se seën vir hulle in hierdie omstandighede gesluit sal bly. Aangevuur deur hierdie boodskap is die herbou van die tempel op die 21 ste September 520 vC hervat.
- Haggai 2:1 = 17 Oktober 520.
  - Die tweede tempel was baie kleiner as dié een wat deur Salomo gebou en deur die Babiloniërs vernietig is wat die oudstes van die groep baie mismoedig gelaat het (Esra 3:12).
  - Die kleiner tempel sou egter volgens Haggai se profesie 'n veel groter impak hê (Haggai 2:7-9). "Op hierdie plek sal Ek vrede gee, sê die Here die Almagtige".
- Haggai 2:10-19 = 18 Desember 520.
  - Haggai verkondig dat die herbou van die tempel vir hulle voorspoed sal bring.
- Haggai 2:20-23 = 18 Desember 520.
  - In hierdie teks word 'n belangrike profesie oor Serubbabel uitgespreek. Die seëling waarvan Haggai in die teks melding maak

was nie net in die Ou Testament simbolies van toekomstige seën nie, maar 'n heenwysing na die koms van die beloofde Messias.

- Die hoorders van Haggai se woorde het die verwagting gekoester dat Haggai vir Serubbabel geïdentifiseer het as die Messias.

#### **4. Sagaria se boodskap**

Sagaria se boodskap (Sagaria 1-8) bestaan uit 'n reeks van visioene/drome. Sagaria 9-14 verwys na 'n latere periode en daar is sommige teoloë wat reken dat dit eintlik deel van Maleagi moes gewees het. Saam met Haggai het Sagaria 1-8 geleef in die verwagting van 'n gerealiseerde eskatologie (die eindtyd gaan in hierdie huidige hede deurbreek) wat ontsluit sou word met die herbou van die tempel in Jerusalem.

- In Sagaria 4:14 word beide Jesua en Serubbabel baie hoog aangeskryf.
- Net soos Haggai het Sagaria vir Serubbabel as die komende Messias geïdentifiseer (Sagaria 6:9-15). In Sagaria 6:15 word genoem dat met die openbaarmaking van Serubbabel as Messias mense van heinde en verre na die tempel sal stroom. Jerusalem sal sy naam (stad van vrede) gestand doen. Lees ook die aangrypende gedeelte in Sagaria 8:20-23. Die blyk dat die teenoorgestelde gebeur het. Ander nasies (Samaritane) is nie toegelaat om saam aan die tempel te bou nie en die stad was definitief nie 'n plek van vrede nie.

In die jaar 516 vC is die tempel voltooi en ingewy. Ten spyte van die duidelike en sterk van Haggai en Sagaria het hulle verwagtinge nie gerealiseer nie. Jesua en Serubbabel verdwyn van die toneel en vir die volgende 58 jaar hoor ons nie weer iets van die Jode in Jerusalem nie.

Volgende week hervat ons die verhaal toe Esra in 459 vC en Nehemia in 445 vC in Jerusalem arriveer.

## **SESSIE 3. ESRA & NEHEMIA**

### **(Esra 7-11, Nehemia 1-13)**

'n Paar belangrike gedagte van die vorige week:

- Die herbou van die tempel was 'n lang en moeisame proses. Danksy die optrede van Haggai en Sagaria is Serubbabel en die groep Jode aangemoedig om dit na sewentien jaar te voltooi (die tempel is uiteindelik in 515 vC ingewy).
- Beide Haggai en Sagaria het die gedagte by Jode los gemaak dat met die voltooiing van die tempel die Messias aangewys sal word en God se koninkryk in hulle midde sal deurbreek. Serubbabel, die persoon van wie die verwagtinge gekweek is dat hy die Messiaanse bedeling sou inlei, verdwyn onverklaarbaar van die toneel. Vir die volgende 58 jaar verloor ons kontak met die Jode in Jerusalem. Dinge het nie uitgewerk soos gelowiges gehoop en geglo het nie met die gevolg dat hulle hoop en toewyding begin vervaag het.
- In vandag se sessie gaan ons na vele jare weer die verhaal hervat toe Esra (458 vC) en Nehemia (445 vC) in Jerusalem arriveer.

### **Israel, 'n klein kulture groep mense binne 'n groot Persiese koninkryk**

Die aard van lewe vir gelowiges in Jerusalem voor na die Babiloniese ballingskap was baie anders. Voor die ballingskap van 586 vC het die teologie van 'n nasie staat gedomineer. Inwoners het die hoop gekoester van 'n koning deur God aangesel wat die nasie se politieke en ekonomiese belange kan bevorder en beskerm. Nadat hulle in 538 vC teruggekeer het, het dinge dramaties verander. Die hoop op 'n koning was aan skerwe en priesters moes die leemte vul. Ons het in verlede week se sessie gepraat oor die skeiding tussen die Samaritane en Jode (noordelike koninkryk van Juda en suidelike koninkryk van Israel). Met die Ballingskap in 586 vC is die bevolking weereens gefragmenteer in 'n groep wat in Jerusalem agtergebly het, 'n groep wat na Egipte gevlug het en 'n klein groep wat in Babel 'n tuiste gevind het. Dit

is belangrik om dus in te sien dat die groepie Jode wat na Jerusalem teruggekeer het 'n godsdienstige en kulturele spikkel was in 'n uitgebreide Persiese ryk wat van Indië tot Europa en Rusland tot noord Afrika gesterk het. Wat is die indruk wat dit jou mee laat? Om voortdurend deur die Here vernuwe te word is ingrypend omdat ons nooit werklik sal kan terugkeer na die glorie dae van die verlede. Kan ons God in hierdie hede en vreemde omstandighede raaksien?

As gevolg van die bogenoemde omstandighede was daar 'n dringende behoefte om die groep Jode in Jerusalem se identiteit te legitimeer. Dit is in hierdie omstandighede dat die laaste twee karakters van die Ou Testament hulle verskyning maak en 'n belangrike bydrae lewer:

- Esra word dikwels met die karakter van Moses vergelyk. Deur sy klem op die tempel en die Wetboek (Wet van Moses) het hy gelowiges tot 'n geestelike herlewing aangespoor.
- Nehemia, het 'n projek geloods om die mure van Jerusalem wat tydens die ballingskap vernietig is weer op te bou. Waar Esra die stad en sy inwoners van binne wou opbou wou Nehemia dit van buite doen om die stad weer ekonomies volhoubaar te maak.

458 vC	Esra arriveer in Jerusalem
445 vC	Nehemia arriveer in Jerusalem
333 vC	Alexander die Grote verower Persië
323 vC	Alexander sterf en sy ryk word onder vier generaals verdeel.
198 vC	Antiochus III van die Seleukiede Ryk (Sirië) verower Judea.
174 vC	Onias III as hoëpriester vervang
167 vC	Antiochus IV Helleniseer Judea en ontheilig die tempel.
164 vC	Die Makkabeërs regeer en reinig die tempel.

128 vC.	Die Hasmoniese Ryk onder Johannes Hirkanus gevestig
63 vC	Die Romeine verower Palestina
37 VC	Herodes die Grote koning in Jerusalem
7-5 vC	Jesus in Betlehem gebore
66 nC	Joodse opstande in Jerusalem teen die Romeine
70 nC	Jerusalem word deur die Romeine verwoes

### Wie was Esra?

Esra was 'n priester en skrifgeleerde wat in 458 vC 'n groep Jode uit Babel na Jerusalem vergesel het (Esra 7:6). Ons het in 'n vorige sessie genoem dat die boeke 1-2 Kronieke, Esra en Nehemia 'n versameling geskifte verteenwoordig wat deur die Kronis geskryf is. Hierdie tradisie word deur baie aan Esra toegedig. Die begrip skrifgeleerde (*scribe*) kan verskeie betekenisse hê. Dit kan verwys na 'n persoon wat gemoeid was om godsdienstige geskifte te skryf (oor te skryf), maar het ook meer politieke konnotasies (offisier van regering, minister van finansies, staat sekretaris). Esra het dus as leier twee funksies gehad: Hy het tergelyke tyd geestelike (Esra 7:15-20) as politieke (Esra 7:25, 26) leiding gegee. Hy word baie beskou as die vader van Judaïsme (die godsdienstige tradisie wat uit die ballingskap ontwikkel het en waarin die Wet, asook godsdienstige rituele en gebruike wat tot vandag toe nog bestaan gestalte gekry het).

### Wie van Nehemia?

Nehemia was die koning van Persië se skinker wat in die jaar 445 vC in Jerusalem arriveer het. Waar Esra die gemeenskap van binne geestelik moes opbou was dit sy roeping om die gemeenskap buite op te bou. Sy hoof projek was om die mure van Jerusalem, wat in 586 vC deur die Babiloniërs vernietig is, te herbou en daardeur die stad weer ekonomies aktief te maak.

Die twee leiers se verhale word in die Bybel boeke van Esra en Nehemia vervleg. Onthou dat hierdie boeke waarskynlik op 'n tyd 'n enkele geskrif was.

1. Esra se memoires (deel 1). Esra 7:1-10:44. Esra arriveer in Jerusalem en spreek die probleem aan van huwelike met mense mense van ander nasionaliteite.
2. Nehemia se memoires (deel 1). Nehemia 1:1-7:73. Nehemia arriveer in die Jerusalem en begin om die mure van die stad te herbou.
3. Esra se memoires (deel 2). Nehemia 7:73-10:39. Esra lees die Wet, vier van godsdienstige feeste en verbond met God word herbevestig.
4. Nehemia se memoires (deel 2). Nehemia 11:1-13:31. Jerusalem se stadsmuur word ingewy

### **Lees Esra 7:1-10:44. Esra se godsdienstige reformasie**

- Esra 7. Esra tree op in die tyd van koning Artasasta (Artaxerxes I, die afvolger vas koning Ahasveros). Net soos in die vorige gedeeltes is dit weer 'n Persiese koning wat die gebeure van herstel aan die gang sit (Esra 7:11-28).
  - Esra 8. Sowat 2000 Jode uit Babel het Esra na Jerusalem vergesel.
  - Esra 9:3-5. Esra is verslae oor die vermenging tussen die Joodse en nie-Joodse bevolking. Die gedeelte eindig waarin die Jode hulle toewy aan die bepalinge om hulle godsdienstige en kulturele identiteit te handhaaf. Esra se legalistiese godsdienstige hervorming, waarin daar van 'n groot aantal vrouens en kinders ontslae geraak is moet binne die konteks van die tyd verstaan word. Dit was vir hulle belangrik om hulle groepsidentiteit te versterk. Hierdie gedeeltes mag selfs vir Christene gedagtes van xenofobie oproep.
- Lees Kolossense 3:11-15  
- Lees Handeling 17: 23-29



### **Lees Nehemia 1-7:73. Nehemia herbou Jerusalem se stadsmure.**

- Soos met al die vorige leiers begin die verhaal met 'n Persiese koning (Artasasta) wat Nehemia toelaat om na Jerusalem terug te keer om die stad se mure te herbou. Waarom was die belangrik om die mure te herbou?
- Lees Nehemia 4 en 6. Net soos tydens die herbou van die tempel kom die Samaritane in opstand (Sanballat was Samaritaanse leier) en 'n konflik situasie ontstaan.

### **Lees Nehemia 8-10:39. Esra lees uit die Wetboek en die Jode se nuwe verbintenis.**

- Wanneer 'n mens uit hierdie gedeeltes lees kom 'n mens onder die indruk dat die groep Jode uiteindelik by 'n plek van herstel uitgekom het. Die volk het hulle almal toegewy tot 'n ooreenkoms.

### **Lees Nehemia 11:1-13:31. Die inwyding van die stadsmuur.**

- Die inwyding van die stadsmuur hang nou saam met die gees en atmosfeer van die vorige gedeelte. Die volk het uiteindelik op 'n plek gekom waar alles in plek val.
- Nehemia is na Babel herroep en met sy terugkeer (432 vC) het hy self in lyn met Esra se optrede verskeie hervorming geloods. Die boek eindig egter op 'n laagtepunt wanneer dit blyk dat Serubbabel, Esra en sy eie pogings misluk het.
- Dit is interessant dat Sagaria (2:4-5 en 8) oor Jerusalem praat sonder mure en 'n plek waar 'n diversiteit van mense heen stroom

#### **Nehemia 13:25**

**Ek het met die mense geraas, hulle vervloek, party van hulle geslaan, hulle hare uitgetrek en hulle voor God met 'n eed laat aflê**

Wat maak 'n mens met die uitkoms van Esra, Nehemia, Haggai en Sagaria se optrede? Dit is 'n vermenging van verskeie hoogte en laagte punte.

Wanneer 'n mens in Jeremia 31: 31-33 en Esegïel 36: 26-27 lees is daar sprake van 'n ander tipe transformasie wat nie te doen het met die herbou van 'n tempel of stadsmure nie.



## The gates and walls of Jerusalem at the time of Nehemiah



Red lines & numbers  
141  
& gate sections  
mentioned in  
Nehemiah chp3.

Position & direction  
of view in each  
scene



## **SESSIE 4. SAGARIA & MALEAGI**

### **(Sagaria 9-14, Maleagi 1-4)**

Maleagi was die laaste Ou Testament profete stem wat gehoor is. Na Haggai, Sagaria en Maleagi se afsterwe is daar binne die Joodse tradisie geglo dat die Gees van God Israel verlaat het. Daar word na die periode wat daarop gevolg het as die "stil jare" of die tussen testamentêre tyd verwys (Van Maleagi c 460 vC tot met Johannes die Doper c 25 nC). Terwyl Israel reg deur die Ou Testament die verwagting gekoester het van 'n nuwe, groter en sterker koninkryk het dit in der waarheid met tyd kleiner en swakker geword. Op hierdie onverwagse noot kom die Hebreeuse Bybel tot 'n einde. Esra, Nehemia, Haggai, Sagaria en Maleagi moet teen hierdie agtergrond verstaan word waarin daar op verskeie maniere (bou van tempel, Wet van Moses, herbou van stad mure) deur 'n godsdienstige herlewing probeer is om hulle identiteit te legitimeer. Met watter indruk laat hierdie laaste paar boeke van die Ou Testament ons? Ons gaan aan die einde van vandag se sessie oor hierdie vraag nadink.

### **Sagaria**

In 'n vorige sessie is genoem dat Sagaria 'n baie komplekse profesie is wat 'n mens baie versigtig moet interpreteer. Omdat Sagaria 9-14 baie ander karaktertrekke as hoofstuk 1-8 vertoon word dit aan 'n later periode verbind as die waarin Sagaria in 520 vC opgetree het. Die verwagtinge wat in Jesaja 40-55 (Deutro Jesaja), Haggai en Sagaria 1-8 gekoester is, het nie realiseer nie en dat die omstandighede in Jerusalem het hoe donkerder word. In beide Sagaria en Maleagi was die groep Jode in 'n pessimisme en afsydigheid vasgevang waarin hulle begin twyfel het aan die werklikheid van God.

As gevolg van hierdie omstandighede skuif die fokus in Sagaria 9-14 geskuif van 'n immanente eskatologie ('n einde wat volgens Sagaria 1-9 en Haggai in hulle hede sou realiseer) na 'n toekomstige eskatologie ('n eendag einde - die dag van die Here). Sagaria 9-14 word bestempel as een van die moeilikste verstaanbare tekste in die Ou Testament.

Sagaria 9-14 kan in twee toekomstige gedeeltes ingedeel word:

- 9-11. Nabye toekoms. God se oordeel oor die nasies, die volk se terugkeer na Jerusalem en die koms van 'n Messias.
- 12-14. Die verre toekoms. Dit word die "dag van die Here" genoem en kom ook in ander boeke van die Ou en Nuwe Testament voor. Dit verwys na die einde van tyd wanneer God op 'n persoonlike en beslissende wyse sal intree om te verlos.

In Sagaria 9-14 word die klem op die volgende gelê:

- Daar kom 'n tyd waarin God deur 'n koning die nasies sal vernietig en Israel se grondgebied sal vergroot.
- God se geregtigheid sal oor die kwaad seëvier.
- God sal op 'n kosmiese wyse verskyn en alle nasies oorwin.
- Jerusalem sal in die tyd beleer word, maar op 'n wonderbare wyse weer in besit geneem word.
- Die wêreld sal deur 'n reeks katastrofes herskep word. Gelowiges sal in hierdie uitdagende tye deur geloof behoue bly. Die pad na die einde is egter die van loutering (13:7-9). Slegs 'n derde van die bevolking sal die omstandighede oorleef waarop daar 'n verder periode van loutering sal volg.

Reg deur die geskiedenis het gelowiges hulle huidige omstandighede in Sagaria 9-14 ingelees en in die lig daarvan hulle lewens ingerig. Jy sou byvoorbeeld jou opinie van die huidige konflik tussen Israel en Hamas kon formuleer op grond van dit wat in hierdie teksgedeeltes staan. Hoe moet 'n mens met die betekenis van die teks omgaan?

## **Maleagi**

Die identiteit van die profeet Maleagi is onbekend en het ten tyde van Esra, Haggai en Sagaria opgetree (480-460 vC). Net soos met Sagaria verwoord Maleagi se profesie die Jode in Jerusalem se ontnugtering. Na hulle terugkeer uit ballingskap het hulle bo hulle aan hierdie droom en verwagting deelgeneem deur finansieel by te dra en self harde hande arbeid te verrig (herbou van mure en tempel). Dan was daar ook Esra se streng godsdienstige hervorminge waarin mense hulle toegewys het. Alles blyk nou vir hulle tevergeefs te wees. Dit het mense by die volgende vrae en realiteite uitgebring:


- Heers God nog oor die kwaad?
- Waarom seëvier die kwaad? Hulle het vas geglo aan 'n sonde-gevolg, daad-oorsaak teologie. Hiervolgens sou God die kwaad oordeel, maar dit blyk of die mense wat goddeloos is seëvier!
- Het God ons nog lief?
- 'n Godsdienstige stagnasie het ingetree.

Maleagi se profesie het probeer om hierdie vrae en realiteite te beantwoord.

## Die tussen- intestamentêre tyd (c 460vC tot 25 nC)

- Die Septuaginta

Toe Alexander die Grote se Griekse koninkryk in 333 vC die Persiese ryk vervang het en Grieks die spreektaal in die Ou Naby Ooste geword het, is die Hebreeuse Bybel in Griek oorvertaal. Hierdie vertaling, bekend as die




Septuaginta (70 vertalers wat daaraan gewerk het) het egter ook nog ekstra boeke tot die Ou Testament (Ou Testament Apokriewe boeke) bygevoeg. Hierdie boeke dek die geskiedenis van die Jode van ongeveer 300-100 vC. Met die Reformasie in 1517 is hierdie boeke uitgelaat in Protestantse Bybels. Dit het in die Oosterse Ortodokse en Rooms Katolieke kerk se Ou Testament behou gebly (word die Deutro-kanoniese boeke genoem)

- Die Dooie See rolle

Die Dooie See rolle verwys na 'n aantal ou geskrifte wat in 1946/47 by die Qumran grotte langs die Dooie See in Israel gevind is. 40% van die inhoud kom uit die Hebreeuse Bybel, 30 % uit die Ou Testament Apokriewe. Die res van die geskrifte (30%) is saamgestel uit sektariese dokumente.



Reg deur die Ou Testament narratiewe gedeeltes herhaal dieselfde patroon van skepping, sondeval, profete, ontkenning, oordeel en herskepping. Die wysheid literatuur (Job, Prediker en Spreuke) kyk uit 'n ander hoek na hierdie herhalende siklus en hoe insig/wysheid ons help om daardeur te breek.



**Hoe lees en verstaan ons boeke soos Esra, Nehemia, Haggai, Sagaria en Maleagi in die lig van die Nuwe Testament?**

Skryf jou eie gedagtes oor die volgende neer.

- Die Messias

.....

.....

.....

.....

.....

.....



- Die Koninkryk van God

.....

.....

.....

.....

.....

.....

- Jerusalem

.....

.....

.....

.....

.....